

KUNS BLOM

'n Kontemporêre kunsuitstalling wat op die flora van die Franschhoek-omgewing fokus, is 'n ander manier om kultuur en natuur soomloos te laat saamsmelt

Deur LIEN BOTHA. Foto's LIEN BOTHA en LA MOTTE

PAULA VAN COLLER-LOUW
SE SCATTERED RIBBONS IN THE
SKY. DIE WERK IS MET OLIE OP
SKILDERDOEK GEDOEN.



Realistiese verwysings en detail is teenwoordig, maar met 'n genuanseerde, ekspressiewe aanslag



PAULA VAN COLLER-LOUW, DIE SKEPPER VAN AL DIE UNIEKE KUNSWERKE OP DIE BLADSY. KLOKSGEWYS VAN BO LINKS: • VERDIGRIS BLOOM. • THE MESSAGE OF UNTAMED LOVE. • THE LITTLE THINGS THAT MATTER. • PAINTBRUSH INSPIRATION. AL DIE SKILDERYE IS IN 2017 VOLTOOI EN IS DEEL VAN DIE FLEURS DE LA MOTTE-UITSTALLING OP FRANSCH-
HOEK WAT NOG TOT JUNIE DUUR.



'Dit is 'n nuuttjie vir ons, dié kombinasie van kontemporêre kuns en die veldblomme van die omgewing'

By die dam blom die serrurias eerste, gewoonlik so in Mei-maand." Eliz-Marié Schoonbee, kurator van die La Motte-museum op Franschhoek, is geesdriftig oor die uitstalling *Fleurs de La Motte* wat begin Februarie hier geopen het en nog tot 17 Junie duur. "Dit is 'n nuuttjie vir ons, dié kombinasie van kontemporêre kuns en die veldblomme van die omgewing. Een van die twee kunstenaars, Toby Megaw, gaan boonop sy werk *Blushing Bride* tydens die uitstalling voltooi."

Albei die kunstenaars, Toby Megaw en Paula van Collier-Louw, moes met die konteks van die omgewing werk – asof 'n spieël terugkaats na die biodiversiteit van die landskap. "Volhoubaarheid word reeds wetenskaplik op die plaas hier buite toegepas, maar nou word dit ook binne die museum deur die emotiewe lading van die kunstenaars gesuggereer."

Verskeie van Toby se beeldhouwerke is in Hanneli Rupert-Koegelenberg se versameling opgeneem, en *Blushing Bride* was 'n konsep in wording onderwyl idees vir die uitstalling verder ontwikkel het.

Hanneli se dogter, Berdine Neethling, is inderdaad al etlike jare 'n versamelaar van Paula se werk... Teen die mure van die statige uitstalruimte, ontwerp deur Anne-

marie Fick, word jy met die

intrapslag oorrumpel deur Paula se groot, verleidelike werke van blomme. Haar aanbieding is onbeskroomd en veelfasettig.

Hoewel die vonk vir Paula se werk gesetel is in die plantwêreld, is dit nie jou standaard botaniese uitbeeldings nie. Realistiese verwysings en detail is teenwoordig, maar met 'n genuanseerde, ekspressiewe aanslag. Dit is beelde wat jou aan Shakespeare se heldinne Ophelia, Juliet en Rosalind laat dink.

"Fynbos soek mos 'n bietjie reën en ek het begin met wat ek op die plaas kon kry. Dit was vir my 'n nuwe terrein om met fynbos te werk, en ek kan sien die personeel op die plaas vind sterk aanklank by die skilderye, veral omdat hulle my gehelp het om die spesies bymekaar te maak."

Plante soos *disas*, *leucospermums*, *gladiolus* en *struthiola* se vorms en bloeipatrone het vir haar die toon aangegee om die verf te laat vloei. "Die *Erica parviflora* was veral 'n uitdaging." Paula het vir hierdie reeks anders met haar agtergrond te werk gegaan en sy meen dat sy buite haar gemaksone (in dié geval het sy van die interpretasie van bloeiesels na fynbos oorgeskakel) ook haar palet moes aanpas – 'n nuwe perspektief. Om die tekstuur van die agtergrond in 'n skildery te bewerkstellig, het sy onder meer gekyk hoe verweertse plate en so het laag op laag onder die plante heilig geword... takkies van plante wat met haar begin gesels het, soos in die werk getiteld, *The little things that matter*.

Wanneer sy ploeter met detail vertel sy vir haarself stories en gewoonlik werk sy aan so drie skilderye op 'n gegewe tyd. Dit was ook die eerste keer dat sy swart as agtergrondkleur getroef het. Terwyl ons gesels, kom 'n vrou verby en vertel vir Paula in watter mate die werk haar ontroer.

Vir Paula is die sleutel onomwonde: "As jy nie èrens in jou

lewe van 'n vrugteboom geëet het nie, sal jy nie die boom kan versorg nie."

Soos gildebreeders in die Middel-eeue, is Toby Megaw se beeldhouvakmanskap aan hom oorgedra aan die hand van sy pa, Theo Megaw. Vader en seun se beelde word goed verteenwoordig op die La Motte-landgoed, en vir Toby is hierdie uitdaging om die werk binne die uitstalruimte te voltooi, iets waarna hy baie uitsien. Benewens die realiseringsproses van sy beeld, sal besoekers ook die geleentheid hê om hul eie werk neffens Toby se opdrag te skep. Sy beeld *Blushing Bride* wat 'n ode aan Moeder Natuur simboliseer, verrys as 't ware uit 'n bodem van blomme wat op die plaas groei. "Verl proteas, met hul driedimensionele vorm, het 'n goeie struktuur waarmee 'n beeldhouer kan werk."

Toby begin 'n nuwe projek aanvanklik met 'n rowwe maket wat in klei verwesenlik word en uiteindelik by 'n smeltery in brons gegiet word. Mense weet dikwels nie wat die beeldhouer se hele proses behels nie en hier sal hulle nou groter insig daarin kry.

Wanneer hy oor klei gesels, hoor jy die beeldhouer se stem alte goed: "Vir hierdie proses gaan die droë klei met sonneblomen-laventel-olie gemeng word om die medium se kapasiteit te verbeter." Hy werk onder meer met houtstafies om die klei te boetseer - dit dra by tot 'n gevoel van ekspressionisme en gee vitaliteit aan die beeld.

'n Mooi, jong vrou stap by ons verby, daar is blomme op haar rok. Sy kan 'n beeldhouer se muse wees.

Stadig beweeg ons na buite, deur die portaal waar inligting oor die geskiedenis van die landgoed aangebring is, verby die handtekening van vorige eienaars soos Hans Hendrik Hattingh, Pierre Joubert, Jan Hop... Toby wil nog gesels - oor Auguste Rodin en Medardo Rosso.

'n Effense luggie het opgesteek. Die blare roer belowend. **rr**

Die publiek is welkom om die artistieke proses mee te maak deur middel van die *Fleurs de La Motte*-ervaring wat elke Dinsdag plaasvind. Vir bespreking en meer inligting bel 021 876 8850 of stuur 'n e-pos aan museum@la-motte.co.za



BO: TOBY MEGAW IN DIE UITSTALRUIMTE BY LA MOTTE. REGS: MAKET VAN *BLUSHING BRIDE* WAAROP DIE GROOT EN FINALE BEELDHOUEWERK GESKOEI SAL WEES.